# KONSEP
# NASIONALE RIGLYNE VIR GRONDFORUMS OP PLAASLIKE VLAK

## INLEIDING

- Agri SA is lank reeds verbind tot volhoubare, billike grondhervorming;
- Ondervinding het geleer dat die pas van die Staat se grondhervormingsprogramme nie na wense is nie en baie projekte het geblyk nie volhoubaar te wees nie;
- Agri SA glo dat betrokkenheid van alle relevante rolspelers op grondvlak noodsaaklik is vir billike, deursigtige, volhoubare grondhervorming;
- Agri SA se Kongres het in Oktober 2006 'n Grond – en Landelike Beleidsdokument aangeneem welke dokument hom onder andere ten gunste van plaaslike grondforums uitspreek;
- Hierdie benadering sluit aan by die Staat se nuwe "areagebaseerde"-benadering tot grondhervorming;
- Grondforums is reeds in verskeie provinsies deur Agri SA se affiliasies gestig en 'n mate van sukses is reeds in sekere gebiede bereik;
- Agri SA se Grondsakekomitee stel hierdie Nasionale Riglyn beskikbaar in die hoop dat dit sal lei tot die stigting van sodanige Forums in elke distrik in Suid-Afrika en dat lede van Georganiseerde Landbou op die wyse baie meer direk betrokke sal raak by grond-hervormingsprojekte.

## STIGTING VAN PLAASLIKE FORUMS

Daar word aanbeveel dat die volgende stappe gevolg word om Plaaslike Forums in die lewe te roep:

1. Verkry steun binne eie geledere vir betrokkenheid by Plaaslike Forums;
2. Identifikasie van rolspelers, beskikbare grond, grondeise, verblyfregprobleme, potensiële begunstigdes, eisers,;
3. Tree in gesprek met geteikende rolspelers met die oog op die bou van vertroue, bestuur van verwagtinge, verduideliking van die konsep van Plaaslike Forums, inkoop by die Forum-ge-dagte;
4. Stigtingsvergadering / Werkswinkwinkel: Kry 'n fasiliteerder indien moontlik, nooi alle geïdentifiseerde rolspelers uit en stig formeel 'n struktuur.

## DOEL VAN PLAASLIKE GRONDFORUMS

Die oorhoofse doelwit van die Plaaslike Forums, is om 'n voertuig op Plaaslike Vlak te skep waar rolspelers op gestruktureerde wyse kan kommunikeer, projekte en inisiatiewe koördineer, vertroue bou en saamwerk moet die oog op:

- Ondersteuning van ordelike, billike, deursigtige en volhoubare grondhervorming op 'n Plaaslike Vlak;
- Uitvoering van die oogmerke van die Strategiese Plan vir Landbou op 'n Plaaslike Vlak;
- Die bou van verhoudinge en vertroue tussen die boeregemeenskap, Plaaslike Owerhede, Staatsdepartemente en swart- en bruin gemeenskappe;
- Gebruik van die vrye mark om grondoordrag ter bereiking van die 30%-grondteiken van die Staat te help bewerkstellig; Die daarstel van 'n vennootskap tussen die Privaatsektor en die Staat vir grond-hervorming op 'n Plaaslike Vlak.

- Die stimulering van ekonomiese groei in landelike gebiede;
- Die verligting van armoede op ’n Plaaslike Vlak;
- Monitering van grondhervormingsprojekte;
- Die bevordering van ’n holistiese benadering tot grondhervorming, ekonomiese groei, stabiliteit en volhoubaarheid;
- Die verbeterde toegang tot finansiering en ander hulpbronne vir grondhervormingsprojekte.

**FUNKSIES VAN GRONDFORUMS**

Daar word voorsien dat hierdie tipe Forums uitgebrei kan word om ook ander sake van gesamentlike belang op Plaaslike Vlak aan te spreek, soos veiligheid, onderwys, gesondheid, eiendomsbelasting, brandbestryding, rampbestuur, ensovoorts. Die uiteindelike ideaal is ’n enkele Forum, met Subkomitees onder Voorsitterskap van die Burgemeester of Munisipale Bestuurder waarby rolspelers betrek word en al hierdie sake aangespreek word.

Die Plaaslike Forums se aanvanklike funksies sal onder andere die volgende behels:

- Die identifikasie van rolspelers;
- Die versekering van deelname van relevante rolspelers;
- Die daarstel van riglyne vir interaksie en samewerking tussen rolspelers;
- Lewering van insette in die bepaling van prioriteite by die Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne van Plaaslike Owerhede;
- Die identifikasie van beskikbare grond;
- Die opbou van ’n plaaslike databasis van grond – wat insluit grond onder restitusie- en huurarbeider-eise, grond wat reeds oorgedra is aan voorheen-benadeelde individue of groepe, grond wat beskikbaar is in die mark en die behoefte na grond binne die bepaalde gebied;
- Identifikasie van begunstigdes;
- Lewering van insette in die afhandeling van uitstaande restitusie-eise;
- Identifikasie en monitering van mentors;
- Fasilitering van transaksies tussen gewillige kopers, die Staat en die geïdentifiseerde begunstigdes;
- Die deel van inligting oor beskikbare bronne van finansiering en na-vestigingsondersteuning;
- Insette in goedkeuring van besigheidsplanne vir projekte;
- Konflikresolusie oor gronddispute binne die gebied;
- Fasilitering van die betrokkenheid van finansiële instellings;
- Fasilitering van waardasie van beskikbare grond;
- Die opstel van waardasiematrikse vir die gebied;
- Fasilitering van opleiding en na-vestigingsorg.

**LIDMAATSKAP VAN FORUMS**

Dit is vir elke Forum om self te besluit oor watter rolspelers hulle behoort te betrek. Daar word aanbeveel dat die volgende rolspelers betrek word:

- Georganiseerde Landbou in die vorm van verteenwoordigers van die plaaslike Boerevereniging en bedrywe en Landboubesighede wat aktief is in die gebied;
- NAFU;
- Die Plaaslike Owerheid;
- Die Departemente van Landbou, Grondsake en Waterwese;

- Grondeisekommissie;
- Finansiële instellings;
- Waardeerders;
- Eiendomsagente;
- Vakbonde;
- Gemeenskapsverteenwoordigers;
- Relevante Nie-Regeringsorganisasies;
- Die plaaslike Sakekamer.

**KRITIESE SUKSESFAKTORE**

Vir die Forum om suksesvol te funksioneer, moet die volgende in plek wees:

- Beskikbaarheid van op datum, relevante inligting oor grondhervormingsprogramme, -beleid, finansieringsinstrumente, grondbeskikbaarheid, markte, ensovoorts;
- Gereelde deelname deur belangrike rolspelers;
- Gereelde vergaderings;
- Hoë vlak van samewerking tussen rolspelers;
- Die vermoë om besluite te neem, te dokumenteer, uit te voer en te moniteer.
- Beskikbaarheid van fondse.

**BESLUITNEMING**

Elke forum moet self besluit oor wie voorsit, wat 'n kworum daarstel, wie verantwoordelik is vir Sekretariaat-funksies en hoe besluite geneem word in die geval van onenigheid tussen rolspelers oor 'n saak.

Daar word aanbeveel:

- dat konsensus sover moontlik die basis van alle besluite moet vorm;
- dat rolspelers hul eie kostes vir bywoning van vergaderings moet dra;
- dat die Burgemeester of Munisipale Bestuurder as Voorsitter moet optree; en
- dat lede moet onderneem om volledig terug te rapporteer aan hul eie Organisasies en behoorlike mandate vir besluite moet verkry.

**RAPPORTERING AAN PROVINSIALE FORUM**

Plaaslike Forums sal behoorlike notules van vergaderings hou, wat op 'n gereelde basis aan die Provinsiale Forum, wat in elke provinsie gestig sal word, gestuur moet word. Die Provinsiale Forum sal op sy beurt op 'n gereelde basis verslag doen aan 'n Nasionale Forum.